

Waar is 8?

Ark Blitz

Geel - Koning van Heelal

Blou – 4 reëls gaan oor ons gedrag en liefde teenoor God

Groen – 6 reëls gaan oor ons verhouding teenoor mekaar



Les 22 en 23 – 10 REELS VIR DIE PAD

Maats lees: Eks 19: 1-19 en 20:1-11

Die volk Israel het die kamp opgeslaan aan die voet van Sinaïberg. Die Here het hulle uit Egipte gered en tot hier gedra en versorg, soos 'n ma-arend haar kleintjies sal dra en versorg. Daar gee die Koning van die Heelal die 10 lewensreëls. Moses moes dit aan die volk oordra, sodat hulle daarvolgens kon leef en aan God gehoorsaam kon wees. Die 1ste gebod is oorkoepelend oor die eerste vier – daarom is die prentjie groter. Net so, is die laaste gebod eintlik 'n sluitsteen op die ses naasteliefde-gebooe. By 9 gaan dit oor die waarheid praat. Dit wat jy sê, moet in ooreenstemming wees met dit wat jy weet (dink) die waarheid is. Die klein 9 en die groot 9 moet ooreenstem. Al die gebooe kom neer op **liefhê!!**

A - Wanneer ons as kinders van die Here een van hierdie lewensreëls oortree, doen ons sonde. Die Here haat die sonde en moet dit straf, want Hy is regverdig. Hy verdra niks wat verkeerd is nie.

B - Wanneer ons sonde doen, is ons liefdeloos. Gelukkig het God ons so lief dat Hy vir Jesus, sy Seun, gestuur het om in ons plek aan die kruis te sterf.

C - Die Heilige Gees help ons beseft dat Jesus ons Verlosser is. Jesus, ons Verlosser, het al tien die liefdesgebooe nagekom. Met ons lewe sê ons nou dankie – dankie dat Jesus vir al ons sonde betaal het. Die Heilige Gees help ons om as kinders van Jesus volgens die tien lewensreëls te leef. Ons kan Hom vra om ons te help om gehoorsaam te wees, en ons kan oefen om na sy stem te luister. **DANKIE !!**

